

WIRIGE NEBENE ALDM



Hierdie vrou moet jy nie
op haar byderwetse
denimbaadjie takseer nie.
Haar dae van prokureur
wees is inderdaad lankal
verby. Eersdaags verskyn
haar nuutste album.
(’n Moet vir elke kind!)
RENETTE ESPACH het met
haar gaan gesels.

voorbladfoto | CLINTON LUBBE

grafika | PAMELA SOEHARNO

Uir Nedine Blom kan jy nie
miskyk nie. As dit nie haar
vuurrooi hare is wat jou
opval nie, is dit definitief haar
lag. Sy't daardie soort lag
wat jou dadelik oortuig dat
sy weet hoe om die lewe te geniet. Dis
uitbundig, sonder om te hard te wees. En
as haar mond lag, lag haar oë saam.

Ek sien haar in die grimeerkamer net
voor haar fotosessie afskop. Dit is nie
die eerste keer dat ons ontmoet nie, so
ons gesels sommer dadelik oor aller-
hande dinge. En ek word weer verseker:
alhoewel sy piepklein is, moet jy haar
nie onderskat nie.

Nie net het sy ses jaar gelede 'n
stabiele loopbaan as prokureur vaarwel
toegeroep nie, maar sy het dit vir iets
meer uitdagend en moeilik verruil. In
die proses het sy toe ook menige mense
met haar sukses in die musiekindustrie
verstom. Dis daarom dat TG besluit het
om by haar te gaan kuier. Sy voer inder-
daad 'n hele paar interessante planne in
die mou.

nuwe uitdagings

Verlede jaar het sy begin dink in die
rigting van 'n CD vir kinders. Dit mag
dalk vreemd klink, veral omdat haar
vorige album 'n keltiese klank gehad
het. Maar sy het gevoel dat daar nie
regtig iets vir ons Afrikaanse jeug is
nie. "Ons is einde verlede jaar vir twee
maande Kaap toe en ek het al my
programmeringstoerusting saamgevat
en begin skryf. Iets was besig om net
natuurlik te gebeur. Ek het dit reggekry
om sonder veel moeite lekker liedjies te
skryf. Ek het na kinders gekyk en raakge-
sien dat hulle oorgestimuleer is. Hulle is
verveeld met alles wat hulle het. Eintlik
wil kinders net weer boomklim. Ek sien
dit ook in my eie seuntjie Adriaan (6)
raak. Ek wil hulle met hierdie album >>



terugneem na die basiese dinge. Die situasie in ons land is nie regtig ideaal nie. Ek wil hulle op die positiewe dinge laat fokus. Musiek is kragtig. As jy dit reg gebruik, kan jy mense in enige rigting laat dink."

Dit kan egter nie 'n maklike taak wees nie, veral omdat ons kinders so blootgestel is aan Amerikaanse

Ek moes in die navorsing agterkom wat kinders regtig beleef. Die CD is opvoedkundig ook. In die een liedjie leer ek hulle bietjie Frans praat. Daar is dan ook die iPod-song wat na al die tegnologiese dinge verwys waarvoor kinders so mal is."

Die vervaardiging van hierdie album moes seker 'n invloed op

daddy ook opgeneem. Wanneer laas het ons ons kinders inry toe gevat met komberse, springmielies en alles? Dis daardie eenvoudige dinge wat so spesiaal is. Gee my 'n bal, 'n fiets ... En bendes! Kinders weet nie meer wat bendes is nie. Ons was almal in 'n bende en ons het selfs die kenteken geteken. Ek dink ook aan goed soos kleilat speel. Ek wil daardie kultuur terugbring. Kinders wil so graag vroeër groot wees. Hulle word gevoed op 'n tienerkultuur terwyl hulle nog in die laerskool is. Dit kan gevaarlik raak in die sin dat hulle dink hulle is geregtig op goed wat nie eintlik vir hulle bedoel is nie. Daardie *magic* van kindwees moet weer terugkom."

Wat bied die album nog alles? "Dit gaan lekker interaktief wees. Vandag se kinders wil daardie interaktiwiteit hê. Hierdie album gaan die agtergrondmusiek hê wat die luisteraars sal toelaat om daarop te karaoke. Dit was soveel pret om aan hierdie album te werk. Toe ek my oë uitvee, het ek 16 liedjies gehad. Boonop voel ek dit is nou die regte tyd in my loopbaan om weer iets anders te doen."

Ek wonder of haar volwasse loopbaan nog volstroom sal voortgaan. "Ek gaan steeds vertonings en so meer doen, maar ek wil vir eers net op hierdie album en alles daar rondom fokus. Ek sal waarskynlik volgende jaar weer 'n volwasse album uitbring. Ek dink nie ek sal ooit 'n vreeslike kommersiële kunstenaar wees nie, maar ek voel dat ek iets wil doen wat meer gepas is vir ons mark. Iets met 'n rock- of pop-klank. Maar ek glo daaraan om een ding op 'n slag ordentlik te

"Hulle word gevoed op 'n tienerkultuur terwyl hulle nog in die laerskool is. Dit kan gevaarlik raak in die sin dat hulle dink hulle is geregtig op goed wat nie eintlik vir hulle bedoel is nie."

popmusiek soos die van *High School Musical*, *Hannah Montana*, *The Jonas Brothers* en vele meer. En in Afrikaans luister hulle na meer kommersiële musiek soos dié van Nicholis Louw, Juanita du Plessis, Kurt Darren, Robbie Wessels ...

"Kinders luister wel na Afrikaanse kunstenaars, maar dis alles musiek met 'n volwasse boodskap. Daar is niks in Afrikaans vir ons jonger generasie, wat *funky* genoeg is nie. Ek wil kinders se harte bereik. Ek wou iets anders bied – in Afrikaans, maar steeds met 'n jong klank. My kinderalbum is baie soos die tipe musiek in *High School Musical* – dit het 'n definitiewe gevorderde pop-klank."

Soos sy vertel van die verskillende liedjies, raak ek net al hoe meer beïndruk. "Ek dink verskillende kinders gaan met verskillende liedjies identifiseer. Die een liedjie se naam is *Skoolsiek*. Elke kind haat mos skool. Jy kan dit nie ontken nie.

haar ma-wees gehad het? "O ja! Adriaan is mal oor die liedjies. Dis vir geen kind *cool* dat sy ma sing nie. Maar toe hy dit eers hoor het hy lekker saam begin sing. Ek dink hierdie album sal 5-jariges tot 13-jariges bereik en selfs ook hulle ouers. Boonop is daar 'n spesiale liefdesliedjie vir tieners. Die musiekvideo's is ook baie *cool*. In die een video het ek 'n feëtjierok aan en 'n towerstaf in my hand. En in *Skoolsiek* moes ek natuurlik weer in skoolklere klim! Daar is ook 'n liedjie oor goggas en 'n ander een waar twee seuns die een se sussie se pajamapartytjie *crash*."

Dink sy die ouer generasie sal hierdie album koop juis omdat hulle wil hê hul kinders moet die tipe leefstyl hê wat hulle self gehad het? "Verseker! 'n Hele paar van my vriende het as proefkonyne opgetree en hulle glo hierdie musiek gaan definitief om die braaivleisvuur gespeel word. Ek het *Ag, please*

doen. Veral omdat ek nie net in die ateljee ingaan en 'n liedjie opneem nie. Ek is van begin tot die einde baie betrokke – die skrywery, sang en ook die vervaardiging. Dit is harde werk. Verder doen ek gereeld damesoggende omdat ek ook motiveringspraatjies lewer.”

Sy doen alles vinnig en kan nie stilsit nie. Sy is ook baie betrokke by liefdadigheid, veral waar kinders geraak word. “Ek help tans 'n klein seuntjie wat aan kanker ly. Hy is so talentvol, hy kan verskriklik mooi teken. Hy is maar net tien jaar oud en ek probeer 'n bewussyn skep dat meer mense vir hom en sy ouers begin bid of finansiële bydraes maak. Ek voel dit is my verantwoordelikheid. Ek kan dalk self nie die geld gee nie, maar ek kan mense daarvoor inlig. Verder is daar ook die Nedine Blom Youth Foundation wat ek onlangs gestig het. Dit gee aan groter maatskappye die geleentheid om geld te skenk wat ons dan aan behoeftiges gee. Ek wil ook 'n gedeelte daarvan aanwend vir musiekterapie vir getraumatiseerde kinders. Dit is 'n baie wetenskaplike proses van hoe die golwe met jou brein kommunikeer, maar musiekterapie is baie helend.”

waar drome begin

Haar drome stop egter nie daar nie. “Ek dink mens groei in 'n rigting. Vir die eerste ruk in my loopbaan was ek baie rebels. Ek wou net sing wat ek wou sing. Ek wou net liedjies sing wat ek self geskryf het. Nou dink ek meer oor wat mense wil hoor. Ek sien dit as my werk om mense op 'n positiewe manier te bereik. Solank die mense positief op my

musiek reageer, maak die genre nie regtig vir my saak nie. Ek droom dan verder om die grootste kinderfees in ons land te hou. En 'n groot kinderpartytjie asook 'n musical met kinders vir kinders. Maar ek wil nie op hierdie stadium meer detail weggee nie.”

Is daar dinge in haar lewe waaroor sy spyt is? “Ek dink dat elke ding wat gebeur groei bewerkstellig en dit het my baie geleer. Die industrie waarin ek is, is baie moeilik. Maar ek weet nou ook dat daar nie 'n enkele probleem is wat ek nie kan hanteer nie. Ek verstaan hoekom sommige kunstenaars hulself van die media wil isoleer. Meeste kunstenaars smag na privaatheid en anonimiteit. Die media was my nie altyd goedgeunstig nie, maar dit help nie om 'n oorlog te baklei as mense negatief oor jou dink nie. Mens kan net deurlopend jouself wees en hoop dat mense wel in 'n stadium sal agterkom dat hulle jou verkeerd opgesom het.”

Wat wil hierdie bondel energie nog alles doen? “Valskermspring! Ek hou van die adrenalien. Ek is die een wat altyd saam met die kinders op die ritte by pretparke gaan. Bertie, my man, staan net altyd daar onder en kyk.” Boonop hou sy van 'n boek of 'n fliek wat haar inspireer. “In *The Notebook* het daardie meisie vir my die perspektief wat ek graag in die lewe wil hê – om te gaan vir dit wat vir jou reg is, dit wat jou laat tiek. Dit gee die regte boodskap. Mens moet jouself nie te veel steur aan wat ander mense sê nie. 'n Boek soos Paulo Coelho se *The Alchemist* het ook 'n groot indruk op my gemaak. Ek dink

nie ek het al 'n soortgelyke boek ervaar nie. Al sy ander boeke is ook besonders.”

Watter ervaring staan vir haar uit? “Ironies genoeg het ek altyd gedink ek gaan 'n slegte ma wees. Toe ek jonger was, het ek nie regtig met kinders gekliek nie. Ek dink nie hulle het van my gehou nie. Maar met Adriaan se geboorte het ek ongelooflike emosies ervaar. Bertie het daar by my kom staan en die dokter het Adriaan so by ons kom neerlê. Ons drie se koppe was bymekaar. Toe weet ek dat daar vir die res van my lewe nie weer so 'n spesiale oomblik sal wees nie. Dit voel of ek 'n tweede kans het. Dit wat ek in my lewe verkeerd gedoen het, kan ek nou vir Adriaan mee help. Ek kan hom nou al die lesse leer wat ek vir myself moes leer. Om na hom te kyk is vir my soos 'n *inward reflection*. Hy wys my swakhede uit. Ek kan nie glo dat ek op 'n stadium gedink het dat ek nie kinders wil hê nie. En nou wil ek net al hierdie dinge saam met hulle en vir hulle doen!”

Ek dink dat Nedine se drome beslis sal waar word. Met haar man as haar grootste inspirasie en klein Adriaan kort op hul hakke, is sy ongetwyfeld op pad na groter dinge. “Musiek is die taal van my hart. Dit is waaroor my hele lewe gaan. Ek glo jy moet doen wat jy gebore is om te doen. Ek voel ek is groep om te sing.” >>tg

Kyk uit vir Nedine se album, *Supercool*, wat in Oktober verskyn. Kontak Bertie Blom by 082 396 7643 vir inligting oor optredes.